

LAEVELD AGROCHEM

GREI



Uitgawe 20: 2022 Winter

SON-SAFARI

Watergebruiksregte
Konferensie-onderwerpe
en -terugvoer

PLANTVOEDING

Grondklas voorbereiding
Carbohydrates: Focus on
blueberries and macadamias
Koolhidraatontledings
op tafeldruiwe
Silika in sitrusproduksie

OESBESKERMING

Groen chemie tegnologie vir
laat-roes op aartappels
Doeltreffende onkruid-
beheer in mielies
Behandel sojasaad anders

TEGNOLOGIE

ITEST™CARBOHYDRATES
ITEST™MICROLIFE-ontleding

Son-Safari
terugvoer
en foto's

Saam boer ons vooruit

OES-OPTIMALISERING | PLANTVOEDING | PRESISIEDIENSTE

www.laeveld.co.za



Laeveld Agrochem Depots

Limpopo	= 12 Depots
Wes-Kaap	= 12 Depots
Vrystaat	= 10 Depots
Noord-Wes	= 10 Depots
Mpumalanga	= 10 Depots
Oos-Kaap	= 8 Depots
Gauteng	= 4 Depots
Noord-Kaap	= 4 Depots

Kaart nie op skaal nie
Julie 2022



LAEVELD AGROCHEM GROEI 20

Inhoudsopgawe

- 2 Groete van Corné Liebenberg
- 4 Belangrikheid van grondklas op vrugte voorbereiding
- 7 Carbohydrates and nutrients on blueberries
- 10 Groen chemie tegnologie sistematiese swambeheer vir laat-roes op aartappels
- 14 Spring reg weg – behandel sojaaad anders
- 16 Are you ready to partner with nature this macadamia season?
- 19 Effektiewe oplossing vir bosindringing
- 20 Verstaan jy jou watergebruiksregte?
- 22 Doeltreffende beheer van taai onkruid by mielies
- 24 Class Act® NG verseker optimale glifosaat onkruidbeheer
- 26 Die belangrikheid van silika in sitrusproduksie
- 28 Son-Safari konferensie-onderwerpe
- 30 Carbohydrates in macadamias
- 34 Sukses met uitvoervrugte: wanneer elke dag tel
- 36 Kiwifruit: The importance of the correct nutrition programme
- 40 Doing it nature's way
- 42 AgriSil K50® and stress tolerance
- 44 Bespuitings deel 2: Nu-Film® vir beter bedekking van die plantoppervlak
- 48 Koolhidraatontledings op tafeldruiwe
- 51 ITEST™MICROLIFE-ontleding – die sleutel tot optimale grondgesondheid
- 54 Effektiewe mikrobese verseker groter opbrengste
- 56 From Nisboere to Niche Farmers
- 58 Laeveld Scout™ field guides
- 60 Secrets to successful almond production
- 64 Son-Safari in Mauritius
- 70 Genesis gebalanseerde maaltye
- 71 It is time to generate your own electricity
- 72 Foto's en nuus

REDAKSIE

Saamgestel deur die Laeveld Agrochem-span.
Redakteur: Corné Liebenberg.
Produksie: Liza van der Walt, BlueRed Design
en Jeanette Nel. Julie 2022.



© *Kopiereg.* Die publikasie en artikels bly die eiendom van Laeveld Agrochem.
Alle regte voorbehou. Alle publikasie navrae kan gerig word aan info@laeveld.co.za.

Die inligting in die tydskrif word in goeder trou na die beste van ons vermoë verskaf, maar die bedoeling is om inligting te deel en nie om aanbevelings te maak nie – enige kliënt moet altyd steeds sy/haar naaste Laeveld Agrochem-agent raadpleeg vir advies of aanbevelings.

GROETE VAN

Corné Liebenberg

Corné is Direkteur en Bemakingsbestuurder by Laeveld Agrochem (LAC). Hy streef daarna om LAC die markleier te hou deur innovasies, die beste produkte, dienste en tegnologie, alles tot voordeel van die kliënt.



Jy is wat jy eet

Ja, dood het wel altyd 'n oorsaak, maar dit is kos wat die kwaliteit van jou tyd op aarde bepaal.

Hoe jy voel, fisies of emosioneel, het altyd eerstens met kos te doen. Wat jy eet bepaal hoe goed jy voel en lyk, hoe gesond jy is, jou energievlakke en selfs hoe fiks jou brein is. voel. Jou brein werk immers teen 20 W energie, of anders gestel, jou brein gebruik 20% van die energie wat jou liggaam benodig en die energie kom alles van uit die kos wat jy eet.

Almal ken die uitdrukking van *"garbage in – garbage out"*, dieselfde geld vir wat by jou mond ingaan. Mens koop immers nie 'n blink Ferrari en gooi dan vuil water in die petroltenk nie. Waarom dan nie effens meer bedagsaam wees oor wat jy eet nie, want dit bepaal wie jy is, hoe jy voel en dus die impak wat jy hier op aarde gaan maak. Jou liggaam is mos baie meer werd as enige Ferrari.

Mens hoor dikwels uitdrukkings soos "ek werk myself dood" of "ek sloof my af vir my familie". Dit is natuurlik 'n klomp nonsens en ek wonder of jy jouself regtig glo as jy dit sê. Jou familie soek jôu, nie jou geld nie. Hulle wil hê dat jy daar moet wees om eendag stories vir die klein-kinders te vertel, en nie die kleinkinders wat jou moet kom versorg nie.

'n Ander leuen oor gesondheid en lewenskwaliteit wat mense graag vir hulleself vertel is "ek het nie tyd nie".

Nie tyd om gesond te eet nie, nie tyd om te oefen nie, nie tyd om 'n boek te lees of iets nuuts aan te leer nie. Dit is ook absolute nonsens. Hoeveel tyd spandeer jy voor 'n skerm, hetsy TV of selfoon per dag? Dit is aansienlik meer, maar gestel die gemiddelde persoon kyk net een uur TV per dag is dit 365 ure per jaar, of 15 volle dae!!! (Twee ure per dag is dus 30 volle dae per jaar!)

Ek is nie 'n dokter nie maar *common sense* is gelukkig vir almal beskore. Feitlik alle siektes, van meeste soorte kankers, hartkwale en meer word veroorsaak deur wat jy eet, drink of dink, d.w.s. dit is voeding en stres verwant. Doodeenvoudig, dit wat by jou mond (kos), oë (negatiewe artikels) of ore (stories wat vrees aanjaag) ingaan.

Ons soek altyd fout vir ons gesondheid by ander. Ek het dit by my ouers geërf, my kinders laat my stres, dit is my stresvolle werk... **Net jy en jy alleen bepaal egter jou eie gesondheid. Gaan jy 'n steunpilaar vir ander om jou wees, of gaan jy op ander sal moet steun? Wat jy eet bepaal jou energie, immuniteit en algehele gesondheid, want jou organe gaan of moet baklei om al die verkeerde kosse en implikasies daarvan te beveg, of hulle kan die werk doen waarvoor hulle geskep was.**

Daar is niks fout met lekker eet of 'n drankie geniet nie, maar jy weet wanneer jou eet- of drinkgewoontes skadelik vir jou is.

Dieselfde geld vir waarmee jy jou tyd ombring. Kyk jy na die (slegte) nuus saans, lees jy al die swak beriggewing en moord en doodslag (en *fake news*) op sosiale media? Luister jy na negatiewe *doom and gloom* praatjies, alles wat stres en angstigheid aanhelp? Dit lei tot swak slaap en swak slaap lei weereens tot verdere angstigheid en stres en so herhaal die bese kringloop totdat jou liggaam of jou brein op 'n stadium net afskakel.

Natuurlik is die teendeel net so waar.

Begin jy elke dag deur dankie te sê vir alles waaroor jy dankbaar kan wees?

Lees jy 'n dagstukkies of luister jy na enige van die horde goeie oggendboodskappe? Lees jy eerder Bybel of 'n motiveringsboek as die nonsens op sosiale media? Watter een gaan jou beter laat voel?

Spreek 3:23 waarsku immers met *"Wees versigtig oor wat in jou hart aangaan, want dit bepaal jou HELE lewe"* nie.

Terug dan na ons tema. Ons is almal in landbou, boerdery en voedselsekerheid. Sommige onderskat die kritieke rol daarvan. Dit gaan nie net oor 'n vol maag of om hongersnood te bekamp nie. Gesonde, voedsame kos beteken gesonde liggame, gesonde verstand en produktiewe, kreatiewe mense wat hulle Goddelike doel op aarde met oorgawe vervul. Jyself skryf jou eie geskiedenis en hoe jy onthou gaan word. Ons is in die kos *business*, kom ons lei ook as voorbeeld.

Die spreekwoord "you only live once" kan eerder met "you only die once, you live every day" vervang word. Al die ander dae kan ons voluit en met maksimum energie en lewenslus leef, mits ons bloot 'n klein bietjie meer oplet wat en wanneer ons eet.

Hierdie is die 20ste uitgawe van Groei. Die tydskrif is weereens propvol planne en wenke oor hoe ons kan aanhou om voedsame kos vir die wêreld te produseer, sodat elkeen genoeg kan hê presies soos wat God van ons verwag as rentmeesters van planeet aarde.

GESONDHEID VIR ELKE DAG

Waardevolle wenke vir volgehoute gesondheid.

'n Handige gids wat die nuutste navorsing en ander interessante feite oor gewone kosse en kruie bespreek. Beskikbaar in Afrikaans of Engels.

Stuur e-pos na corne@laeveld.co.za vir 'n gratis elektroniese boek oor die gesonde voordele van vrugte, groentes en kruie.



Die Bybel skop immers af in Genesis met "Bewoon en bewerk die aarde", en bewerk gaan ons verseker in 2022 doen dat die stof staan en hongersnood staan. Hou gerus ook dop hoe NicheFarmers, ons nuwe Nisboer TV reeks in Engels, ons land gaan begin vooruit gaan deur HOOP te gee aan almal. Lees meer op bl. 56.

Belangrikheid van grondklas op vrugte-voorbereiding

Marnus Ferreira
Head of Soil Science



In 'n tyd soos hierdie bly goeie opbrengste die absolute prioriteit, so daar kan nou minder as ooit bekostig word om swak areas of kolle in die boorde te hê. Stel ondersoek in met behulp van grondklassifikasie, identifiseer die probleem, en spreek dit aan met gefokuste, praktiese oplossings – om sodoende groeikragtigheid en gesondheid te verseker wat weer lei tot goeie produksie.

Die fokus van hierdie artikel is om die besluit-neming rakende korrekte grondvoorbereiding met behulp van grondklassifikasie te illustreer. Maar, dit moet wel genoem word dat 'n groot persentasie van boorde in die verlede sonder insiggewende grondklassifikasie inligting geplant was. Probleemkolle wat tans in die boord verskyn is tipies gekoppel aan 'n grondverwante situasie. In die geval van oorbesproeiing bevat die gronde gewoonlik 'n beperkende faktor wat indirek lei tot daardie besproeiingsverwante kwale. Daardie probleme kan dan slegs opgelos word mits daar onder die grond gekyk word om te bepaal wat die aard van die probleem is; waar in die boord (of soms buite die boord) die oorsprong is; en hoe om daardie probleem op te los.

Die belangrikheid van korrekte grondvoorbereiding op permanente gewasse is ongetwyfeld noodsaaklik. Dit is 'n belegging wat vir 20+ jaar in die grond gaan staan en ten volle moet presteer om goeie winste te produseer. Daar is egter slegs een kans om die grond 100% korrek voor te berei.

Goeie grondvoorbereiding is noodsaaklik vir optimale gewasprestasie en lei tot verskeie voordelige nagevolge, waarvan die volgende as krities beskou word:

1. Verlaag bruto digtheid (m.a.w. maak die grond los en breek kompaksie – wat noodsaaklik is vir goeie wortelontwikkeling).
2. Verhoog suurstofuitruiling.
3. Verhoog stoorkapasiteit van water.
4. Verhoog infiltrasie- en perkolasiestempo.

Dit kan baie eenvoudig opgesom word: grond wat reg voorberei is lei daartoe dat wortels makliker kan ontwikkel, meer toegang het tot suurstof en voedsel en minder energie hoef te gebruik (en benodig) om te oorleef. Om dit nie te doen nie is soos om vir iemand te vra om 'n marathon te hardloop en dan van die persoon te verwag om 5 gesigsmaskers te dra.

Tegnies kan die persoon steeds asemhaal en water drink, maar dit gaan nie moontlik wees om daardie marathon suksesvol te voltooi nie.

In Suid-Afrika is daar uiterste variasie in gronde, dikwels oor baie kort afstande, selfs enkele meters. Dit gaan dikwels van dieprooi gronde, na vlak klipperige gronde, gronde met swaar klei in die ondergrond, tot selfs nat sande – alles op een plaas. Om die variasie onder dieselfde kam te skeer wanneer dit kom by grondvoorbereiding, is 'n fout. Die Engelse uitdrukking “horses for courses” slaan die spyker op die kop. Elk van die bogenoemde gronde vereis 'n verskillende metode om dit reg voor te berei – van implement- en masjienkeuse, tot rigting en diepte van bewerking.

Daarna moet daar boonop besluit word of operdwalle benodig sal word, en indien wel, die grootte en hoogte daarvan. Om nie eers te praat van dreinerings- en blokuitleg nie.



Voorbeeld 1: Wingerdstok wat “J-root” vanweë onvoldoende grondvoorbereiding. Hierdie gebrek aan korrekte voorbereiding het gelei tot die verlies van die totale boord.

Sinnvolle besluite rakende al hierdie kritiese faktore kan slegs op een manier geneem word en dit is met die inligting wat verkry word vanuit grondklassifikasie.

Nie net kan finansiële verliese in die toekoms voorkom word nie, maar deur die regte grondvoorbereiding te doen, kan plantgroeikragtigheid en -prestasie met minstens 40% verhoog word. Die volgende voorbeeld, saam met die foto hieronder (Voorbeeld 1) illustreer duidelik hoe die verkeerde voorbereiding geweldige verliese tot gevolg kan hê. Hierdie wingerd is geplant op gronde wat nooit met die korrekte implement voorberei is nie. Grond is met 'n 45 cm ripper bewerk, waarna daar geplant is. Die gronde bevat te veel klei vir hierdie implement, so die tande het in werklikheid slegs 20 cm geopenetreer. Dit het gelei tot die “J-rooting” van die stok se wortels – alle wortels het in die boonste 20 cm ontwikkel in 'n vlak laterale patroon. Hierdie scenario lei daartoe dat stokke (en so ook bome) vatbaar is vir water- en nutriënt-tekorte. Dit lei tot 'n verlies aan groeikragtigheid en 'n onvermoë om klimaat-verwante stres te kan hanteer. In hierdie voorbeeld is die hele boord tot niet gemaak.

Die korrekte bewerking hier is 'n skeurploeg of skuidol tot net bo die sterk kleilaag (wat in hierdie geval wissel tussen 50 en 90 cm), in kombinasie met operdwalle van 30 cm.

'n Verdere voorbeeld van gronde wat nie tot op die regte diepte of met die korrekte metode bewerk is nie, word in die volgende voorbeeld en foto hieronder (Voorbeeld 2, sien volgende bladsy) geïllustreer – die gewas is sitrus. Geen operdwalle is geskep nie. Dit is 'n sandleem-tekstuur Clovelly, met tot 40% volume growwe fragmente deur die meerderheid van die profiel.

>>

Belangrikheid van grondklas op vrugte-voorbereiding vanaf vorige bladsy

Die bogrond is mooi los met redelike wortelontwikkeling in die boonste 20 cm danksy die vlak bewerking. Vanaf 20 tot 30 cm (die staalgedeelte van die pik) is daar 80% growwe fragmente (dubbel soveel soos in die eerste 20 cm) omdat al die fyn deeltjies (slik en klei) al uitgewas het vanweë herhaalde benatting. Die probleem is dus nie slegs die vlak ontwikkeling van wortels nie, maar ook die uitwas van kritiese voedingstofryke kleideeltjies en 'n herhaalde versadigde toestand tussen 20 en 30 cm vanaf oppervlakte. Herhaalde benatting lei tot die verharding van die ondergrond, wat waterperkolasië nog verder belemmer. Geen wortelontwikkeling vind onder 20 cm plaas in hierdie boord nie, wat lei tot die verdere probleem dat die plant vatbaar is vir water- en nutriënt-tekorte.



Voorbeeld 2: Onvoldoende grondvoorbereiding en die effek daarvan op wortelontwikkeling. Ons sien hier die wortelontwikkeling vind slegs in die boonste 20 cm plaas, met geen wortels sigbaar onder dit nie (geologiese pik verteenwoordig die boonste 30 cm grond). Verder is die loging van fyn voedingstofryke klei- en sliedeltjies in die 20 tot 30 cm diepte (verteenwoordig deur die staalgedeelte van die pik) opvallend – en dui op versadigde toestande wat veroorsaak word deur swak deurlugte gronde.

Die korrekte metode sou gewees het om hierdie gronde te dolploeg teen 'n 40° hoek van mekaar, met die laaste bewerkingsaksie helling af. 'n Diepte van minstens 80 cm op hierdie gronde is nodig om homogene deurligting en waterpenetrasië te behartig. Dit sou verhoed dat besproeiingswater opdam (in hierdie geval op 20 tot 30 cm), al die suurstof uit die profiel druk en loging veroorsaak word. Verder sou 'n buffer-area ('n area onder die wortelsone) benut kon word as stoorplek wanneer ekstra water gegee word voor 'n hittegolf. Met die huidige scenario sou die hele profiel versuip as ekstra water gegee word (want die effektiewe wortelsone is maar 20 cm), wat die boom onder stres sou plaas nog lank voor die hittegolf aangebreek het. Dit is dan wanneer bome terugsterf en vrugte afgooi, 'n scenario wat heeltemal verhoed kon geword het.


Beide genoemde voorbeelde illustreer hoe belangrik die korrekte grondvoorbereiding is vir volhoubare optimale gewasproduksie.

Nie net kan finansiële verliese in die toekoms voorkom word nie, maar deur die regte grondvoorbereiding te doen, kan plant-groei-kragtigheid en -prestasie met minstens 40% verhoog word.

Belangrike inligting rakende die gronde se fisiese eienskappe kan verkry word deur 'n grondklassifikasie te doen en dit kan gebruik word om sinvolle (ingeligte/korrekte) besluite rakende grondvoorbereiding van die spesifieke gronde te neem.

PLANT NUTRITION

Carbohydrates and nutrients on blueberries



Carbohydrates produced during photosynthesis are widely recognised in plants for their crucial significance as energy sources and carbon foundations for organic molecules and storage components. They help with flower development, fruit set completion, berry growth, and shoot and root growth, among other things.

Carbohydrates are synthesised by photosynthesising leaves (carbohydrate sources) and delivered to non-photosynthetic tree organs such as flowers and roots via mass-flow in the phloem (carbohydrate sinks). The supply of carbohydrates to developing organs like flowers is supported by leaves and roots, but if there are insufficient carbohydrates stored, flower development and fruit set are limited. Throughout the season, carbohydrates are necessary for plant growth and fruit production. As a result, understanding the carbohydrate status of the crop is crucial for proper management.

THE ROLE OF DIFFERENT ELEMENTS ON CARBOHYDRATES IN BLUEBERRY PLANTS

Potassium

Potassium plays an important role in the regulation of plant cell osmotic potential, which includes the opening and closing of the stomata. Many enzymes involved in respiration and photosynthesis are also activated by potassium. It is also responsible for sugar export from the mesophyll cells to the phloem, making it important for sugar transport to the developing organs such as flowers and fruit. Therefore, it is important to start increasing potassium levels before flowering to ensure adequate amounts of sugar reach the flowers. >>




Figure 1: Starch levels in blueberry leaves during the six phenological stages.




Figure 2: Starch levels in blueberry roots during the six phenological stages.

Carbohydrates and nutrients on blueberries

from previous page

By Nina du Toit
Horticulturist



Sugars tend to accumulate in the leaf when potassium is deficient. Under potassium deficiency, starch levels may be low because amylase and acid invertase enzyme activity increases, which is responsible for the breakdown of starch to soluble sugars. This effect of potassium deficiency on carbohydrate metabolism could explain why fruits are smaller.

Magnesium

Magnesium is an important element for optimally photosynthesising leaves. It is the central atom in the chlorophyll molecule's ring structure and deficiencies have a direct influence on photosynthesis and therefore carbohydrates. Magnesium, along with potassium, is responsible for the export of sugars from the mesophyll cells to the phloem. Magnesium deficiency leads to direct loss in sugar production, reduces sugar movement and causes over-production of reactive oxygen species (damaging compounds).

Phosphorus

Phosphorus is a vital component of ATP, the "energy unit" of plants and a deficiency will limit plant productivity. A deficiency will have a direct influence on the photosynthetic machinery, which will indirectly have an influence on carbohydrate production.



Zinc

Many enzymes require zinc ions for their activity, and zinc is required for chlorophyll biosynthesis. Therefore, limiting carbohydrate production in source leaves is the result during periods of zinc deficiency.

Manganese

The major symptom of manganese deficiency is interveinal chlorosis associated with the development of small necrotic spots. These symptoms contribute to limiting carbohydrate production.




Figure 3: Sugar levels in blueberry leaves during the six phenological stages.




Figure 4: Sugar levels in blueberry roots during the six phenological stages.

WHY DO WE MEASURE CARBOHYDRATES IN BLUEBERRY PLANTS?

By using ITEST CARBOHYDRATES™ analyses, sugars and starch levels in leaves and roots can be accurately and continuously monitored at key crop phenological stages (Figure 1-4). This can aid to apply better and more timely management practices that will help to ensure optimal plant growth, yield, and fruit quality.

Phenological stage of leaf and root collection and purpose of sampling:

- (i) Start of flowering.
- (ii) Start of fruit set.

To measure the bloom and fruit set potential, carbohydrate levels affect bud break and flower quality. Developing flowers have a high demand for sugars to set fruit. High leaf and root carbohydrate levels will contribute to a higher fruit set potential.

- (iii) Start of harvest.
- (iv) Two weeks after the start of harvest.
- (v) Four weeks after the start of harvest.
- (vi) End of harvest.

To measure the berry growth, potential yield, and fruit quality. Starch reserves start to increase in aboveground plant organs from the start to the end of the harvesting process (Figure 1). It is noticeable that roots are important sources of carbohydrates in blueberry plants of various crop loads during flowering and fruiting (Figures 2 and 4).

The service is already being commercially applied with great success. The carbohydrate status of the blueberry plants is compared to high- and low norms that Agri Technovation developed at various phenological stages, which our blueberry specialists can use in conjunction with leaf samples (mineral analysis) to make recommendations to optimise plant growth, performance and fruit quality.



Groen chemie tegnologie sistematiese swambeheer vir laat-roes op aartappels

Laat-roes op aartappels (*Phytophora infestans*) is een van die grootste kopsere vir ons produsente as dit by die verbouing van goeie kwaliteit aartappels kom. Wêreldwyd is laat-roes die mees prominente probleem wat talle aartappel- en tamatieboere in die gesig staar.

Om hierdie geharde siekte hok te slaan, word 'n magdom swamdoders gebruik, maar dit het nie altyd die gewenste uitwerking op siekte-beheer nie. Hiervoor het ons by MBFi groen chemie tegnologieë ontwikkel om hierdie siekte suksesvol te bekamp. Hierdie groen chemie tegnologieë is in ons Agri-Cure SP en SBF₅₅₅ produkte vasgevang.

Agri-Cure SP is 'n hoogs gevorderde groen chemie tegnologie swamdoder met beide swamdodende en fungistatiese eienskappe wat dit hoogs effektief maak as kontak swamdoder. Agri-Cure SP lewer ook goeie genesings-eienskappe wat gevestigde infeksies sal tem. Groen chemie is die beste antwoord op die wêreldwye beperkings en regulering van plaagbeheerresidue in voedsel. Hierdie groen chemie is effektief om geteikende siektes te beheer en lang nawerkingstyd te gee.

Agri-Cure SP is ook 'n voedselgraad-aktiewe bestanddeel wat beteken dat Agri-Cure SP 'n 0-dag weerhouingsinterval het. Die half-leeftyd van Agri-Cure SP op die plant hang af van verskeie omgewingstoestande, maar die aktiewe bestanddeel het byna 25 dae se aktiwiteit op die gewas.

Agri-Cure SP is 'n kombinasie van metaalbikarbonaat, bevochtigingsmiddels en deurnattingsmiddels. Die aktiewe bestanddeel, kaliumbikarbonaat, is aan die einde van 2021 deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir gebruik as 'n swamdoder onder Wet 36 van 1946 geregistreer.

Hoe werk Agri-Cure SP?

Met Agri-Cure SP het ons kontak en genesende swamdoder-eienskappe as gevolg van sy veelvuldige werkingswyses. Die swamdodende werking is as gevolg van vyf afsonderlike werkswyses:

1. Hipertoniese dehidrasie

Hipertoniese dehidrasie werk om die patogeen en spore te laat afsterf. Alle selle verkies om in 'n toestand van ewewig met hul buite-omgewing te wees, waar die osmotiese druk in die sel gelyk is aan dié van hul buite-omgewing (isotoniese toestand). In hierdie toestand is daar geen beweging van water in of uit die sel nie. Agri-Cure SP skep 'n hoë osmotiese druk op die blaaroppervlak wat lei tot die beweging van water uit die patogeen en spore wat sel-dehidrasie tot gevolg het. Deur die sel te dehidreer is daar geen lewenskragtigheid meer in die sel oor nie.

2. Osmotiese gradientversteuring

Onder gunstige omgewingstoestande ontkiem swamspore. Tydens hierdie proses absorbeer die spoor water deur sy wand om groei te bewerkstellig. Die selwand groei aanvanklik as 'n sferiese struktuur en vanaf die wand van die spoor bult 'n kiembuis uit. By die groeipunt strek die selwand voortdurend om 'n lang hipale buis te produseer.

Die sitoplasma binne in die apikale sone is gevul met talle organelle. Vir hierdie wand-vesikels om die selwand te bereik is sitoplasmiese beweging van kritieke belang. Sitoplasmiese beweging is afhanklik van 'n osmotiese potensiaalgradiënt binne in die hifes.

Deur Cloete Rossouw en S.B. Coetzee
MBFi

MBFi
Leaders in Science. Partners in Growth.



Na Agri-Cure SP se toediening is die osmotiese druk aan die buitekant van die hifes groter as die osmotiese gradiënt wat in die hifes is. Dit lei tot die versteuring van die hipale groei en spoorontkieming.

3. Die effek van Agri-Cure op pH

Die interne en omgewings pH-vlakke beïnvloed verskeie belangrike strukture en funksies in swamme. Streng beheer van sitosoliese en organel pH is van kritieke belang vir lewensvatbaarheid in alle selle. Swampatogene verkies meestal 'n suur omgewing, want by hoë pH-vlakke word proteïene en ensieme afgebreek. Lipiede (vette, olies en hormone) word ook gehidroliseer en DNS-bindings word gedissosieer. Agri-Cure SP verskuif die pH-balans na 8.5 wat die metabolisme veranderinge in 'n swampatogeen veroorsaak en groei staak.

4. Metielkarbonaat-film


Sodra Agri-Cure SP in kontak kom met die oppervlakte van 'n betrokke plantgewas, sal die produk met die oppervlakte begin reageer.

Die reaksie vind plaas tussen die kaliumbikarbonaat in AgriCure SP en die ontblote metielgroepe van die waslaag op die lug-/blaarinter-vlak van die plant. **Sien reaksie op Figuur 1.**


Deur die reaksie word die metielgroep gekarboniseer en die bikarbonaat-ioon word in die hidrofobiese waslaag geïntegreer. Nie net het dit 'n voordeel vir reënvasheid nie, maar verduidelik ook die aanhoudende werking van Agri-Cure SP tot en met 25 dae na toediening. Die geïntegreerde bikarbonaat-ioon veroorsaak dan dat die plantoppervlak se polariteit meer negatief word wat dan 'n natuurlike swam-afweereienskap tot gevolg het.

5. Die antimikrobiese bymiddels van Agri-Cure SP

Die byvoegmiddels wat bevochtiging en deurnatting bewerkstellig het ook die vermoë om mikrobies op die plantoppervlak te onderdruk. Die byvoegmiddels bestaan uit oppervlak-aktiewe-chemikalieë (*surfactant*) wat deur die selmembraan van mikrobies kan penetreer en sodoende die selwand laat lek. >>



Figuur 1: Die reaksie tussen kaliumbikarbonaat en die waslaagmetielgroepe om metielbikarbonaat te vorm.



Figuur 2: Die penetrasie van AgriCure SP se oppervlak-aktiewes deur die selmembraan.



Agri-Cure SP se formulasie bewerkstellig ook deeglike bevogting en deurnatting wat die kanse vir fitobrandskade verlaag. Dit word deur die kristalgroei hieronder voorgestel:

NIE-GEFORMULEERDE KALIUMBICARBONAAT



Agri-Cure **SP**™
Fungicide




40 X VERGROTING

Figuur 3: Links: Groot groeilamelle met hoë konsentrasie op die rand van die druppel. Regs: Klein groeilamelle, deeglik versprei met eweredige konsentrasie oor die druppel.

SBF₅₅₅ is 'n poli-kaliumfosfiet verbinding wat aangewend en opgeneem word as 'n sistemiese swambeheermiddel. SBF₅₅₅ word geformuleer deur fosforigsuur met

kaliumhidroksied op 'n energieke manier met mekaar te laat reageer om polimeer-kettings te vorm. *Die polimerisering van fosforigsuur lyk soos volg:*




Figuur 4: Die stappe waardeur fosforigsuur gepolimeriseer word.

Wat is die voordele van SBF₅₅₅?

Die poli-kaliumfosfiet in SBF₅₅₅ het hoofsaaklik drie voordele teenoor konvensionele kalium-fosfietsoute: SBF₅₅₅ is eerstens 'n meer stabiele formulاسie deurdat die geformuleerde poli-kaliumfosfiet geen ongewenste reaksies sal ondergaan nie.

SBF₅₅₅ is tweedens meer plantopneembaar deurdat die poli-kettings nie beïnvloed word deur plantblaar- en stomata ladings nie en vrylik deur die plant kan beweeg. SBF₅₅₅ is derdens ook langer plantbeskikbaar omdat die afbreek van die poli-kettings deur die plant 1 tot 2 weke sal neem.

AGRI-CURE SP EN SBF₅₅₅ BEHEER VAN LAAT-ROES OP AARTAPPELS



Grafiek 1: Beheer van laat-roes op aartappels deur Agri-Cure SP en SBF₅₅₅.

Hierdie resultate wys die uitstekende sinergistiese werking tussen die uitklo-
pen kontakaksie van die Agri-Cure SP en die
volle sistemiese beskerming wat verkry word
uit die poli-kaliumfosfiet van die SBF₅₅₅.

Die hipertoniese dehidrasie en metielkarbonaat-film vorming van die Agri-Cure SP verseker dat enige infeksie van laat-roes onmiddellik in die kiem gesmoor word, terwyl die stabiliteit van die poli-kaliumfosfiet in SBF₅₅₅

Hoe werk SBF₅₅₅?

Poli-kaliumfosfiet vertraag eerstens die groei van patogene en verhoed sporulering. Daarvolgens sal die plant tyd gegee word om tweedens die plant se eie weerstandsmeganismes te versterk. Derdens word die metabolisme van die patogene ook aangetas wat die plant in staat stel om 'n vinniger en meer doeltreffende verdediging teen die patogene te loods.

**Veldproefdata van Agri-Cure SP in
kombinatie met SBF₅₅₅.**

In ons veldproewe die afgelope paar seisoene in Polokwane, Christiana en Maryvale, het ons Agri-Cure SP en SBF₅₅₅ op die proef gestel teen die vernaamste opposisie dithiokarbamate en kaliumfosfiet-kombinasies. Hierdie proewe teen hewige kompeterende chemikalieë het vir ons gewys dat ons groen chemie tegnologie in Agri-Cure SP en SBF₅₅₅ kop en skouers bo die res in die industrie uitstaan.

Oor ons vier lokaliteite het die kombinasie van Agri-Cure SP en SBF₅₅₅ die opposisie uitgestof met beheer van 91.2%, 7 dae na behandeling teen-oor die opposisie se program wat net 80.7% beheer gegee het (Grafiek 1). Selfs na 14 dae na behandeling het die groen chemie tegnologie die kompetisie geklop met beheer van 87.2% teenoor 81.4%.

volledige sistemiese werking veroorsaak met langer werking in die plant as standaard kaliumfosfiet-formulasies wat tans in die mark beskikbaar is.

Goeie sinergistiese werking tussen innoverende groen tegnologie verseker dat produkkombinasies optimaal presteer en vir ons boere die beste beheer gee vir die siekteprobleme wat hulle in die gesig staar.

Spring reg weg – behandel sojasaad anders

'n Nuwe saadbehandelingspakket maak korte metten van grondgedraagde siektes en grondinsekte wat so maklik 'n soja-oes in die wiele kan ry.



Elke plaas en elke seisoen is uniek, maar enige sojaboonprodusent se sukses begin met die saad wat hy plant. Die grondslag van suksesvolle sojaboonverbouing is die vestiging van 'n goeie stand wat beteken genoeg plante wat gelyk opkom en eweredig oor die land versprei is. Sulke eenvormigheid is slegs moontlik as alles reg loop tydens plant; daar is geen salf te smeer aan swak stand later in die seisoen nie.

Saadkwaliteit, groeikragtigheid, plantdatum, plantestand, wisselvallige reënval, saad se simbiotiese verhouding met stikstofbindende bakterieë en die impak van grondgedraagde siektes en grondinsekte tydens planttyd, is alles faktore wat probleme vir produsente kan veroorsaak.

Oor die afgelope paar jaar het veral insekte en siektes wat in die grond voorkom, 'n groeiende kopseer vir sojaboonprodusente geword. Een van die redes hiervoor, is bewaringsboerdery-praktyke wat toenemend toegepas word namate die bewustheid oor die noodsaaklikheid om grondgesondheid te verbeter, toeneem. Die positiewe impak van hierdie praktyke is onbetwisbaar, maar dit veroorsaak wel ander uitdagings.

'n Deklaag van oesreste, byvoorbeeld, hou die saadbed heelwat koeler en beskerm die grondvog wat help om saailingverwelksiektes te voorkom. Oesreste, opslag en onkruid bied egter ook voedsel en skuilplek gedurende die wintermaande vir baie grondinsekte en is 'n habitat waarin verskeie siektes oorleef – van daar die hoër plaag- en siektedruk in lande gedurende die produksieseisoen.

Koeler en nat toestande kan ook tot saadverrotting lei of veroorsaak dat sojabone stadiger opkom en minder groeikragtig is. Die gevolg is dat ontkiemde saad en saailinge langer aan plaë en siektes onder die grond blootgestel word en dus 'n groter kans het om aangeval te word.

Die kombinasie van meer sojaboonaanplantings en omgewingstoestande waarin siektes en insekte floreer, vereis dat produsente daadwerklik moet optree om siekte- en plaagdruk te bestuur. Voorkoming, in die vorm van saadbehandeling, is die beste manier om sojaboonproduksie te verbeter en die risiko van verliese so laag as moontlik te hou.

'n Driedelige oplossing

Syngenta se nuwe kombinasiesaadbehandeling genaamd CRUISER® Plus Beans is 'n deurbraak in voorkomende risikobestuur. Met CRUISER® White wat insekte in toom hou en APRON® XL en CELEST® XL wat saam siektes uitroei, gee hierdie kombinasie jou sojaboon-saad die beste moontlike kans om suksesvol te ontkiem, op te kom en te vestig.

APRON® XL en CELEST® XL, saam bekend as APRON® Plus Beans, is die swamdoderkomponent van die saadbehandelingspakket. Die twee produkte werk saam om sojaboonsaad en -saailinge vroeg in die seisoen teen siektes soos *Fusarium*, *Pythium*, *Phytophthora* en *Rhizoctonia* te beskerm vir goeie ontkieming en opkoms. APRON® Plus Beans is 'n sistemiese saadbehandeling wat vinnig deur die saad en wortels opgeneem word en opwaarts in die saailing beweeg om die hele plantjie te beskerm totdat hy gevestig is.

Deur Hanlie Geldenhuys, Bemerkingsbestuurder
Navrae: Stefan van Zyl, Seedcare, Suid-Afrika

syngenta®



Op sy beurt is CRUISER® White die insekdoder-komponent wat sade en saailinge teen insekte soos valsdraadwurm, miswurms, plantluise, bladspringers en blaaspootjies beskerm en pespopulasies onder beheer hou. CRUISER® White word vinnig deur die ontkiemde saad en saailing opgeneem om volledige beskerming te bied. Alhoewel sommige insekspesies eers na omtrent 48 uur vrek, hou alle teikeninsekte op om te vreet en skade aan te rig kort na toediening.

CRUISER® White het die verdere voordeel van hoë wateroplosbaarheid, wat beteken die produk het min grondvog nodig om te aktiveer en deur die saailing se wortels opgeneem te word. Hierdie eienskap verseker beskerming selfs wanneer die grond relatief droog is.

Al drie middels in CRUISER® Plus Beans – CRUISER® White, APRON® XL en CELEST® XL – kan saam met rhizobiumbakterieë-entstowwe gebruik word en het geen skadelike impak op stikstofbindende bakterieë wanneer hulle in kombinasie toegedien word nie.

Saam het die produkte ook 'n positiewe impak op die plantproteïene wat die saailing in staat stel om stremmingsfaktore wat gewoonlik vroeg in die seisoen voorkom, te weerstaan. CRUISER® Plus Beans verbeter ook wortelontwikkeling met die gevolg dat saailinge water en voedingstowwe meer effektief kan opneem. Die resultaat is gesonder sojaplante en hoër opbrengspotensiaal.

Deur elke saad en saailing te beskerm, stel Syngenta se CRUISER® Plus Beans sojaboon-saadbehandeling produsente in staat om die aanslag van grondgedraagde siektes en plaë te bestuur ten einde onnodige standverliese te voorkom en gesonde plante eweredig te vestig.

Sukses begin inderdaad met die saad wat jy plant – veral wanneer daardie saad met CRUISER® Plus Beans behandel is.



Met CRUISER® Plus Beans kom sojaboonplante vinniger, gesonder en meer eweredig op – die resep vir 'n goeie stand.
Foto: Kobus Venter, Syngenta



Kontrole



CRUISER® Plus Beans

LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE
APRON® XL bevat mefenoksam (Reg. Nr. L6837, Wet Nr. 36 van 1947). SKADELIK. CELEST® XL bevat fludioksanil en mefenoksam (Reg. Nr. L6353, Wet Nr. 36 van 1947). CRUISER® White bevat tiametoksam (Reg. Nr. L7546, Wet Nr. 36 van 1947). VERSIGTIG. APRON® XL, CELEST® XL en CRUISER® White is die geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groepmaatskappy. Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Private Sak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000.
© Syngenta Ag, 2000.

Are you ready to partner with nature this macadamia season?

By **Cornelius Oosthuizen**: Marketing & Technical Manager,
Christiaan Pretorius: Technical Advisor



Amblyseius swirskii



Trissolcus basalis parasitised stinkbug eggs



Tripar-C



At Koppert, we know that many of the challenges we find on farms already have a solution hidden in nature – we just have to find it! During the past few seasons, the Koppert South Africa technical team, together with industry partners, were hard at work developing commercial protocols for the macadamia and avocado industry. We did this by using biological control agents such as predatory mites and parasitic wasps.

We are excited to share that we have seen some incredible breakthroughs and part of the success has been the first commercial release of a parasitic wasp to destroy stinkbug eggs. We can truly say that the results obtained stunned both friend and foe!

Test protocols were rolled out on commercial scale in all macadamia-growing regions of South Africa - Limpopo, Mpumalanga, and KwaZulu-Natal. The major pests tackled were thrips, MNB (macadamia nut borer) and stinkbug. To ensure a complete integrated pest management approach, our roll-out, and corresponding treatment approach, ensures that every stage of the macadamia's development is effectively covered by biological control.

Control thrips during macadamia flower development

Swirski Ulti-Mite is the first line of defence and is used as a preventive method.

Apply the product in orchards with a history of thrip damage once flowering starts at the end of July or August. Each sachet of Swirski Ulti-Mite, with a hook, contains a breeding colony of 250 predatory mites mixed with carrier material. Each sachet yielding will amount to more than 1000 predatory mites. The packaging is fully biodegradable and controls temperature fluctuation in the sachets for subtropical areas. It is also rain-proof to ensure that mites will not drown inside the sachet.

Best working conditions for Swirski Ulti-Mite

The predatory mite can be introduced during the wintertime. It is tolerant to high temperatures and a Swirskii population will start to develop when the temperatures during the day regularly exceed 20 – 22 °C. Adult predatory mites search for their prey or wait for it to pass by and subsequently feed on their prey.

MNB under control!

The macadamia nut borer (*Thaumatotibia batrachopa*) is native to Africa. Macadamia is the major host of this moth species, and it has not been linked to any other crop or indigenous host in South Africa. It is a quarantine pest and control procedures must be carried out to enable export.

Appearance and life cycle of MNB

MNB lay their eggs on the macadamias and normally move a couple of millimetres and penetrate the macadamias. Once the MNB is inside the macadamia no chemical can reach the worm, thus farmers need to effectively control the egg stage. In this life cycle phase, Koppert will introduce a well-known predatory wasp called Tripar-C (*Trichogrammatoidea cryptophlebiae*). Tripar-C is a very small, yellow parasitic wasp that seeks and parasitises various moth eggs. It is indigenous to Southern Africa and the only egg killer of MNB on the market. The adult Tripar-C wasps lay their eggs inside the False codling or MNB moth egg. The eggs are laid singly on young nuts and are flat and oval with a pitted surface. Females can lay between 170 to 300 eggs in their lifetime.

The eggs hatch between 7 - 12 days and the young larvae bore their way into the young nuts. The larvae are cream to grey in colour with dark spots on the body and the head capsule is brown. The pupa is dark brown and (if pupation takes place in the soil) encased in a cocoon of soil particles. There is no cocoon if pupation takes place in the nut. The moth is small and grey with indistinct darker and paler markings. It has a characteristic saddle-like structure behind the head.

Damage and symptoms

Damage before shell hardening is caused by the larvae which bore into the fruit. In small nuts, the entire kernel is eaten, whereas, in large fruit, part of the kernel may remain.

A larva can consume several small nuts by moving from one fruit to another. This type of damage is small, and trees can compensate for damage because of the large volume of flowers and small nuts produced by macadamia trees early in the season. Fruit with hardened shells cannot be penetrated, larvae then feed on the inside of the husk. Damaged nuts are shed by the tree.

>>

Are you ready to partner with nature?
from previous page

Biological control of egg stage of macadamia nut borer

Many larva control products are on the market, but they do not work for the egg stage of the life cycle. So, to stop MNB in its tracks, farmers must use Tripar-C. Tripar-C releases start once nuts are susceptible to MNB damage. Nuts are susceptible from November till April. This allows for 6 releases of Tripar-C.

Advantages of using Tripar-C

- No tractor is needed, so no diesel is used.
- Tripar-C wasps leave no chemical residues and are therefore completely safe to apply in both conventional and organic agricultural systems.
- Easy to use and quick to distribute in affected areas.
- Environmentally friendly and cannot pollute the soil or water, as is often the case with conventional pesticides.
- Pests cannot develop resistance against their natural enemies; thus Tripar-C is an excellent tool to combat resistance.
- No repercussion problems can occur as Tripar-C is target specific and have no adverse effect on other beneficials.
- Effective in areas that are difficult to reach with spray equipment, for example very large and high macadamia trees.

We are excited about the broad scope of solutions Koppert has to offer the macadamia industry.

The newest addition to our biological control power pack is a parasitic wasp to control eggs laid by various stinkbug species, including the much-dreaded two-spotted stinkbug (*Bathycorcia natalicola*). The first commercial trials



Swirski Ulti-Mite protecting macadamia flowers

Koppert offers a broad scope of biological control solutions to the macadamia industry.

in South Africa, using Green Shield® (*Trissolcus basalidis*), gave phenomenal results and more than 90% of stinkbug eggs were destroyed.

This reinforces the effectiveness of biological control agents incorporated into a Koppert crop protection program and we look forward to working with you to become *Partners with Nature*.

Effektiewe oplossing vir bosindringing



INDRINGING & VERDIGTING

Die indringing en verdigting van Soetdoring en Prosopis is besig om die produksiepotensiaal van groot dele van ons land (en buurlande) se natuurlike weidingspotensiaal te benadeel. Dit verlaag die winsgewendheid en volhoubaarheid van wild- en veeproduksie. Die tempo van indringing en verdigting is ook besig om geweldig te versnel.

Sendero™ bied 'n effektiewe oplossing om indringing en verdigting van Prosopis en Soetdoring te bekamp.

Blaarbespuiting van jong plante, sowel as lugtoediening vir groot bome met digte stande, word aanbeveel.

Sendero™ is 'n wateroplosbare konsentraat-onkruidodder vir die selektiewe beheer van houtagtige plantspesies.

Hierdie produk van Corteva Agriscience is die nuwe standaard vir die beheer van Soetdoring (*Vachellia karoo*) en Prosopis en het geen nadelige effek op grasse nie. Aminopiraliëd, een van die aktiewe bestanddele van Sendero™, is doeltreffend teen baie lae dosisse en bly lank aktief in die teikenplant om die effektiwiteit daarvan te verseker.

Sendero™ 336 SL

HERBICIDE

Beskikbaar
deur Laeveld
Agrochem

Watter kant van die draad kies jy?



GEBRUIK ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET • Sendero™ 336 SL bevat aminopiraliëd en klopiraliëd (Versigtig) • Reg. No. L10569 | Wet No. 36 of 1947 • Sendero™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Dow AgroSciences LLC



Lees verder en luister
klënt-getuigskrifte by
www.laeveld.co.za/sendero

Verstaan jy jou watergebruiksregte?

Suid-Afrika is 'n waterarm land en daarom is dit van kardinale belang dat landbouers, en veral besproeiingsboere, op hoogte moet wees van die presiese omvang van hul reg of aanspraak op die gebruik van water.

In hierdie verband moet daarop gelet word dat die bepaling van watergebruiksregte deesdae geskied met verwysing na die datum waarop die Nasionale Waterwet van 1998 ("die Waterwet") in werking getree het. Hierdie wet het die 1956 Waterwet herroep en het 'n ingrypende nuwe bedeling vir die gebruik van water daargestel.

Ingevolge die Waterwet vestig die reg op alle water in die Staat en word die reg om water te gebruik vanaf die datum van inwerkingtreding daarvan (behalwe vir sekere uitsonderings waarna hieronder verwys sal word) gereguleer deur tydelike lisensies wat deur die Staat uitgereik word ooreenkomstig die beginsels wat in die Waterwet neergelê word.

Basiese konsepte van die vroeëre waterreg, soos die regte van oewereienaars en die onderskeid tussen private water en openbare water, is met die koms van die Waterwet van die tafel gevee. Waar watergebruiksregte voorheen aan die grondstuk van die reghebbende gekoppel was (wat beteken het dat 'n eienaar van oewergrond, bloot uit hoofde van sy eienskapskap daarvan, 'n aanspraak op water uit 'n openbare stroom kon gehad het), kan iemand nou slegs aanspraak maak om water te gebruik indien die gebruik kragtens die Waterwet toelaatbaar is. Waar watergebruikslisensies reeds ingevolge die Waterwet aan 'n landbouer toegestaan is, kan die omvang van die gebruiksregte en die voorwaardes waaraan dit onderworpe gestel is, met relatiewe gemak en sekerheid deur 'n plaaseienaar of 'n voornemende koper vasgestel word.

Wat betref ongelisensieerde watergebruiksregte, is die posisie egter kompleks.

Die Waterwet maak voorsiening vir 'n reg op toegang tot drinkwater, water vir huishoudelike gebruik, water vir gebruik vir klein tuinmaak of beperkte gebruik vir veesuiping. Hierbenewens word die gebruik van beperkte volumes water soos neergelê en omskryf in algemene magtigings wat van tyd tot tyd van owerheidswêë afgekondig kan word, geoorloof. Hierdie tipe magtigings is egter van beperkte omvang en meestal gemik op kleinskaalboerdery.

Gesien vanuit die hoek van kommersiële boerdery, maak die Waterwet (in die geval van ongelisensieerde gebruike) deur die invoer van die begrip van "bestaande wettige watergebruike" egter voorsiening vir 'n belangrike kontinuïteit met die vorige bestel van waterregte.

Op die keper beskou kom dit daarop neer dat die Waterwet die voortgesette gebruik van besproeiingswater deur 'n grondeienaar of sy regsopvolger toelaat mits daardie gebruik wettig was en plaasgevind het op enige tydstop gedurende die twee jaar wat 1 Oktober 1998 onmiddellik voorafgegaan het – met dié voorbehoud dat die beskerming beperk word tot die wyse waarop, die doel waarvoor en die mate waartoe die watergebruik inderdaad oor daardie twee jare uitgeoefen is. Vir die leek kan die effek van die tersaaklike bepalings van die Waterwet miskien ten beste verduidelik word deur dit met die "use it or lose it" reël van rugby te vergelyk – dit wat jy nie inderdaad gebruik het tydens daardie twee jare nie is verlore.

Die omvang van 'n grondeienaar se reg om water te gebruik onder die vaandel van die voortsetting van 'n bestaande wettige watergebruik is gevolglik uit en uit 'n feitevraag – wat beantwoord moet word met verwysing na die

Deur **Roelf van der Merwe** (VanderMerwe en Robertson Ing. Prokureurs) en **Advokaat André la Grange SC**
www.vrincorporated.co.za



feitelike situasie wat bykans 24 jaar gelede geheers het. Die vraag is boonop tweeledig: (a) hoe, waarvoor en tot watter omvang het die grondeienaar sy water tydens die tydperk 1 Oktober 1996 tot 30 September 1998 gebruik en (b) was die volle omvang van sy gebruik gewettig ingevolge die toe-heersende waterbestel (wat deur die 1956 Waterwet gereël is)?

Die tergende probleem is natuurlik hoe plaaseienaars of voornemende plaaskopers te werk moet gaan om te bepaal wat die omvang van die bestaande wettige watergebruike is wat ingevolge die Waterwet aan hul eiendom of die eiendom waarin hulle belangstel, kleef. Die Waterwet maak voorsiening vir 'n proses wat verg dat die omvang en wettigheid van 'n watergebruiker se bestaande watergebruike deur die verantwoordelike gesag bevestig (of geverifieer) word. Dit behels dat die watergebruiker dan by die afhandeling van die proses van 'n sertifikaat voorsien word waarin die omvang en wettigheid van sy bestaande wettige watergebruik aangegee word. Die probleem is egter dat die verifikasie-proses tot nog toe nie heeltemal op dreef gekom het nie en dit in groot dele van ons land nog nie afgehandel is nie. Finale verifikasie-sertifikate wat as staving van bestaande wettige watergebruike kan dien is gevolglik nie geredelik beskikbaar nie.

In gevalle waar die watervoorsiening deur bemiddeling van eertydse besproeiingsrade of watergebruikersverenigings (wat kragtens die Waterwet tot stand gebring is) geskied, word die nagaan van watergebruiksregte tot 'n mate vergemaklik deur die feit dat daar waarskynlik rekords van die geskeduleerde of ingelyste watertoekenings ten opsigte van die eiendom ter sprake beskikbaar sal wees.

Waar die verifikasie-proses egter nog nie gefinaliseer is nie en waar die eiendomme ter sprake buite die jurisdiksiegebiede van besproeiingsrade of watergebruikersverenigings val, is die plaaseienaar of voornemende koper ongelukkig aangewese op historiese oorlewering omtrent die aard, omvang en wettigheid van die watergebruik.

In hierdie verband moet daar gewaarsku word dat argaïese geregistreerde serwituu-ooreenkomste of titelaktes van plaaseiendomme waarin waterregte opgeteken staan en toegeken is, nie noodwendig deurslaggewend sal wees nie – aangesien die watergebruiker se beskermde gebruiksregte beperk word tot dit wat fisies tydens die twee jaar periode uitgeoefen is.

'n Ander strik waarin grondeienaars of kopers geneig is om in te trap is om inligting wat weergegee word in watergebruik-registrasie-sertifikate wat deur die owerhede uitgereik is, as verteenwoordigend van die eiendomme se bestaande wettige watergebruike te aanvaar.

Onthou dat sulke registrasiesertifikate (wat algemeen bekend staan as die "WARMS registrasies") bloot watergebruikers se eie siening omtrent die omvang van hul bestaande wettige watergebruik verteenwoordig. Daar kan gevolglik nie daarop peil getrek word ten einde die bestaan van die gebruiksreg te ondersteun nie.

Soos uit die voorafgaande bespreking afgelei kan word, is dit dwingend noodsaaklik dat die ondersoek wat nodig is om die aard en omvang van 'n plaaseiendom se watergebruiksregte met redelike sekerheid vas te stel, deur 'n kundige op die gebied van die waterreg gedoen moet word.

Doeltreffende beheer van taai onkruid by mielies

Yamato® 480 SC van Philagro is 'n bewese troefkaart in die stryd teen hardnekkige onkruidsoorte in mielielande.

Taai en weerstandbiedende gras- en breëblaar-onkruid huiwer nie om mielieopbrengste 'n knou te gee nie, en dit is juis hier waar Yamato® behoorlik sy staal wys. Met sy unieke chemie bied dié produk doeltreffende beheer van 'n wye verskeidenheid onkruidsoorte in talle grondtipes; met aanpasbare voor- en na-opkoms toedieningsopsies.

“Weerstandbiedende gras- en breëblaaronkruidsoorte bly 'n uitdaging vir mielieboere in hul soeke na doeltreffende beheer van onkruidmededinging in mielielande,” het Bennie Buys, Philagro se Produkbestuurder vir Onkruid-doders gesê. *“Ons plaaslike navorsingsproewe het gewys dat Yamato® veilige gewasbeskerming bied en hoogs aanpasbaar aangewend kan word na gelang van elke boer se spesifieke behoeftes,”* het hy verduidelik.



Die toename in weerstandbiedende onkruidbevolkings het in die afgelope paar seisoene aansienlike verliese in verskillende gewasse veroorsaak. Die aanpasbaarheid van taai en weerstandbiedende onkruidsoorte in verskeie produksiegebiede laat 'n groot hoeveelheid sade agter wat uiteraard 'n impak op die volgende seisoen sal hê.

Unieke chemie

Yamato® is deur Kumiai Chemical Industries in Japan ontdek en is reeds in 'n wye verskeidenheid toestande en gewasse met groot sukses wêreldwyd gekommersialiseer. Die aktiewe bestanddeel, piroksasulfoon, spog reeds in verskeie lande met 'n benydenswaardige reputasie vir doeltreffende beheer van moeilik-beheerbare onkruid.

Vanuit 'n tegniese perspektief inhibeer piroksasulfoon onkruid vroeg in die ontkiemingsproses. Dit word hoofsaaklik deur die hipokotiel en koleoptiel opgeneem en tweedens deur die wortels van die onkruidsaailinge.

Verskeie plaaslik-beproefde kombinasies met ander geregistreerde middels bied Suid-Afrikaanse mielieboere nou bewese opsies vir veilige, langwerkende onkruidbeheer.

Boonop spog Yamato®, aangedryf deur “AZEED Technology”, met talle uitnemende voordele onder andere dat die produk geskik is vir bykans alle grondtipes, ongeag die klei-inhoud, en dit is veilig om voor- en selfs na-opkoms in mielies toe te dien.

Voorts gebruik Yamato® 10 tot 20 keer minder aktiewe bestanddeel as ander soortgelyke, vergelykbare produkte (byvoorbeeld, een liter geformuleerde produk kan tussen 5 en 10 hektaar behandel). Boonop loog Yamato® min en die produk bly dus langer in die boonste laag van die grond waar gras en breëblaar-onkruid gewoonlik ontkiem vir beduidende langer nawerking. Dit alles lei natuurlik tot bykomende voordele en besparings in stoorplek-, vervoer- en ander kostes.

Deur Bennie Buys
Philagro Produkbestuurder
Onkruiddoders Philagro SA



Skoon lande dra altyd by tot gesonde gewasse en groter opbrengste.

Betroubare gewasveiligheid

Uitgebreide proewe in Suid-Afrika en verskeie ander lande wys dat Yamato®-tenkmengsels en spuitprogramme met Yamato® wat volgens etiket-aanbevelings gekombineer word, uiters betroubaar is wat gewasveiligheid aanbetref.

Weens die verskeidenheid groeitoestande in die verskillende streke van ons land, en die voorkoms van diverse gras- en breëblaar-onkruidsoorte en kombinasies daarvan, beveel Philagro se navorsers tans altesaam 14 moontlike produkonsepte aan met Yamato® as die ankerproduk. Hierdie kombinasies is spesifiek ontwikkel vir streke met verskillende klimaattoestande en sones; met spesifieke weerstandbiedende en moeilik beheerbare onkruidsoorte in gedagte.

Yamato® se breë spektrum van beheer bied produsente 'n bewese metode om hardnekkige onkruid te beheer. Skoon lande dra uiteraard altyd by tot gesonde gewasse en groter opbrengste.

Volgens Henk van der Westhuizen, Besturende Direkteur van Philagro, bied Yamato® aan mielieboere die geleentheid om hul lande beter te kan bestuur deur gras- en breëblaaronkruidsoorte veilig en doeltreffend te beheer.

Die vermoë om verskeie kombinasies na gelang van spesifieke behoeftes toe te dien, bied produsente waardevolle opsies om hardnekkige onkruidprobleme hok te slaan.



Vir meer inligting hieroor besoek www.philagro.co.za of skakel Bennie Buys by 082 809 5447.

Yamato® 480 SC (Reg. nr. L10746, Wet nr. 36 van 1947) bevat piroksasulfoon, skadelik. Yamato® is die geregistreerde handelsmerk van Kumiai Chemical Industry Co., Ltd, Japan.
Philagro Suid-Afrika (Edms) Bpk I Reg. nr.: 98/10658/07. PostNet Suite #378, Privaatsak X025, Lynnwoodrif 0040.
Pretoria: 012 348 8808 | Somerset-Wes: 021 851 4163.

Class Act® NG verseker optimale glifosaat onkruidbeheer

Deur Jutta Mentz
Bemerkingsadviseur
Villa Crop Protection

villa



Glifosaat is al vir meer as veertig jaar maklik verkrygbaar en redelik bekostigbaar, maar met die huidige prysverhogings en probleme met beskikbaarheid word dit belangriker om die optimale werking van glifosaat te verseker.

Uitdagings van glifosaat

Opgeloste antagonistiese katione in water benadeel glifosaat. Die effektiëste manier om katione se negatiewe werking op glifosaat te oorkom is om 'n tegniese graad ammoniumsulfaat byvoegmiddel te gebruik. Die ammoniumsulfaat bind dan met die nadelige katione op die blaar voordat die ione 'n negatiewe uitwerking op die glifosaat kan hê. Ammoniumsulfaat bevorder dan die opname van die glifosaat.

Nog 'n uitdaging van glifosaat is die vorming van skuim wanneer dit in die tenk gemeng word. Sonder die gebruik van 'n teen-skuimmiddel saam met die glifosaat sal daar gewoonlik baie skuim uitloop en selfs wegwaaier wanneer dit gemeng of vervoer word.

'n Sekere persentasie van die druppels in spuitmengsels wat glifosaat bevat is geneig om van die teiken af te spat wat sodoende die bedekking verlaag. Dit is noodsaaklik om die bedekking te verbeter en die verspreiding van die spuitdruppels te verseker. Ongelukkig kan alle benatters nie suksesvol met glifosaat gekombineer word nie, so die keuse van benatter is dus van kardinale belang om die optimale bedekking van glifosaat te verseker.

Die laaste uitdaging van glifosaat is die lang opnameproses wat nodig is vir effektiëwe onkruidbeheer. Omgewingstoestande soos lae humiditeit, hitte en stof wat in ons lande voorkom, kan baie nadelig wees vir die effektiëwe werking van glifosaat omdat druppels nie behoorlik opgeneem word nie.

Dit is dus belangrik om nie nét 'n goeie benatter te gebruik nie, maar ook 'n herbenatter (bevochtigter) sodat die druppel vir 'n langer tydperk vogtig kan bly.

'n Viervoudige oplossing

CLASS ACT® NG is 'n goeie opsie want dit spreek al vier uitdagings van glifosaat aan. CLASS ACT® NG bevat ammoniumsulfaat om die antagonistiese katione te bind, 'n teen-skuimmiddel sodat so min as moontlik aktiewe bestanddeel deur die skuimproses verlore gaan, en 'n volle dosis benatter wat spesifiek saam met glifosaat werk om sodoende die bedekking te verhoog.

CLASS ACT® NG bevat ook WinField United se gepatenteerde CornSorb®-tegnologie wat nie net die spuitdruppels langer vogtig hou met sy herbenattingsvermoë nie, maar ook die opnametempo van die glifosaat verhoog.

CLASS ACT® NG is 'n multi-funksionele byvoegmiddel wat glifosaat se effektiwiteit verhoog om die uitdagings hok te slaan wat deur nadelige Suid-Afrikaanse omgewingstoestande veroorsaak word. CLASS ACT® NG vaar ook uitstekend met Villa se glufosinaat (BOUND 200 SL, BOUND DRY 880 WDG) vir soortgelyke redes as glifosaat.

VOORDELE VAN CLASS ACT® NG

- Pas by glifosaat- en glufosinaat-toepassings.
- Kondisioneer water in die tenk en werk op die blaaroppervlak om die onkruidodder in die plant in te werk.
- Bevat gepatenteerde CornSorb®-tegnologie om opname en spoed van die onkruidodderwerking in die plant te optimaliseer.
- Die formule is ontwerp om skuimvorming te verminder.



Lees altyd die produkietiket vir volle besonderhede.

BOUND 200 SL Active ingredient: glufosinate-ammonium 200 g/l (Reg. No. L9280 Act 36 of 1947) (harmful)
Registration holder: Villa Crop Protection (Pty) Ltd. Co. Reg. No. 1992/002474/07 PO Box 10413, Aston Manor, 1630
Tel: 011 396 2233. CLASS ACT NG Active ingredient: Ammonium sulphate 480g/l Reg. No. L10477, Act 36 of 1947
(caution) Registration holder: Winfield Solutions Registration Holdings (Pty) Ltd Reg. No. 2015/312008/07 PO Box 10413, Aston Manor, 1630 Tel. (011) 396-2233. BOUND DRY 880 WDG Active ingredient: glufosinate-ammonium 880 g/kg (Reg. No. L10940 Act 36 of 1947) (caution) Registration holder: Villa Crop Protection (Pty) Ltd. Co. Reg. No. 1992/002474/07 PO Box 10413, Aston Manor, 1630 Tel: 011 396 2233

Die belangrikheid van silika in sitrusproduksie

In 1939 het twee manne met die name Daniel Arnon en Perry Stout 'n artikel gepubliseer waarin hulle uiteensit wat hulle beskou as die noodsaaklike elemente wat nodig is vir plantgroeï. Silika was nie ingesluit nie. Hierdie uitsluiting is uitgedaag namate die landboubedryf die noodsaaklike voordele van silika in plantgroeï besef het.⁶ Boonop het ons verder besef dat beide groeïstimulasie en die vermoë van plante om plaag- en siektedruk te weerstaan met toegediende silika, geweldige voordele inhou.⁴

Wanneer ons sitrus as voorbeeld gebruik: *Phytophthora spp.* veroorsaak wortelvrot, bruinvrot en gummosis (gomvorming) terwyl *Alternaria spp.* nawel-endverrotting, swartkernverrotting en bruinvlek veroorsaak. Die bestuur van hierdie siektes is noodsaaklik om boomgesondheid te handhaaf en opbrengste te optimaliseer.



Dit is ook noodsaaklik om besmettingsvlakke te beperk sodat vrugkwaliteit so lank as moontlik na oes behoue bly. Die moeilike deel is die tydsberekening van swamdoder-toedienings om hierdie patogeen effektief te teiken.

As tydsberekening van bespuitings uit is as gevolg van onvoorsiene omgewingstoestande wat swamgroeï bevorder, kan die stryd verlore wees en geld word gemors op ontydige swamdoderbespuitings. Daarbenewens kom *Alternaria*-weerstand teen Strobiluriene reeds wydverspreid in sekere dele van die wêreld voor. Dit is dus noodsaaklik dat ons 'n geïntegreerde benadering volg om weerstand-opbou te bestuur.²

Asanzi *et al.* (2015) het bewys dat worteltoegediende kaliumsilikaat die ergheidsgraad van *Alternaria alternata* simptome met ±50% kan verminder in vergelyking met 'n onbehandelde kontrole in mandarynblare na slegs 3 behandelings, een maand uitmekaar.

Deur Peter Thorpe
Biospesialis



So wat beteken dit alles?

Die gereelde toediening van plantbeskikbare silikon - byvoorbeeld AgriSil K50® - op die wortels van plante hou verskeie voordele in:

- i) groei en plantlewenskragtigheid verhoog;
- ii) weerstand teen blaar- en wortelsiektes verhoog;
- iii) verhoog weerstand teen suigende en kouende plae; en
- iv) verhoog fisiologiese vermoë om stres te hanteer (bv. wind, hitte, erge koue).

Verder het 'n resensie deur Mvondo-she *et al.* (2021) uitgelig dat kaliumsilikaat-toedienings ook die raketlewe van sitrusvrugte kan verbeter deur na-oes siektesimptome van groen- en blouskimmel (*Penicillium spp.*) te beperk.

Bly in kontak met ons, want ons is besig met proewe in die veld om verder te staaf hoe belangrik die byvoeging van AgriSil K50® in jou IPM-program kan wees.



Verwysings

- Asanzi, N.M.; Taylor, N.J.; Vahrmeijer, J.T. Can silicon be used to prevent *Alternaria alternata* in citrus trees? *Technologie*. 2015, 48, 1–3.
- Dewdney, M. *Alternaria Brown Spot*. PP152. Plant Pathology Department, Florida Cooperative Extension Service, Institute of Food and Agricultural Sciences, University of Florida. 2013.
- Currie, H.A.; Perry, C.C. Silica in plants: Biological, biochemical and chemical studies. *Annals of Botany*. 2007, 100, 383–1389.
- Fauteux, F.; Remus-Borel, W.; Menzies, J.G.; Belanger, R.R. Silicon and plant disease resistance against pathogenic fungi. *FEMS Microbiology Letters*. 2005, 249, 1–6.
- Fawe, A.; Menzies, J.G.; Chérif, M.; Bélanger, R.R. Silicon and disease resistance in dicotyledons. *Plant Science*. 2001, 8, 159–169.
- Liang, Y.; Sun, W.; Zhu, Y.-G.; Christie, P. Mechanisms of silicon-mediated alleviation of abiotic stresses in higher plants: A review. *Environmental Pollution*. 2007, 147, 422–428.
- Meena, V.D.; Dotaniya, M.L.; Coumar, V.; Rajendiran, S.; Kundu, A.S.; Rao, A.S. A case for silicon fertilization to improve crop yields in tropical soils. *Proceedings of the National Academy of Sciences India Section B - Biological Sciences*. 2014, 84, 505–518.
- Mvondo-She, M.A.; Gatabazi, A.; Laing, M.D.; Ndhlala, A.R. A Review on the Role of Silicon Treatment in Biotic Stress Mitigation and Citrus Production. *Agronomy*. 2021, 11, 2198. <https://doi.org/10.3390/agronomy11112198>.
- Wang, M.; Gao, L.; Dong, S.; Sun, Y.; Shen, Q.; Guo, S. Role of Silicon on Plant-Pathogen Interactions. *Frontiers of Plant Science*. 2017, 8, 701.

AgriSil K50® bevat potassium silikaat. Reg. Nr. B3756, Wet Nr. 36 of 1947, vel irriterend. PQ Silicas South Africa (Pty) Ltd, Posbus 14016, Wadeville, 1422. Reg. Nr. 2000/027189/07.

Son-Safari konferensie-onderwerpe

Ek was in die bevoorregte posisie dat Corné my gevra het om te help met die saamstel van die gespreksprogram by die pas afgelope Son-Safari in Mauritius.

In hierdie artikel gaan ek kortliks stilstaan by drie van die onderwerpe wat ons tydens die gespreksessies gedek het – die huidige politieke en ekonomiese omgewing waarin Suid-Afrika tans is, die belangrikheid van die familiehandves om enige familieboerderybesigheid suksesvol van een generasie na die volgende oor te dra en dan hoe 'n boer na diversifikasie moet kyk as dit gaan oor sy/haar beleggings.

Tydens die ekonomiese en politieke gesprek het dr Ruben Richards die verhoog met my gedeel. Ruben boer in die Sederberg streek, beskik oor 'n Doktorsgraad in Teologie, maar is tans die uitvoerende burgemeester van die Sederbergstreek. Dit is hierdie laaste feit wat die rede is waarom ek Ruben betrek het – Ruben was medestigter van die Sederberg Eerste Beweging wat aan verlede jaar se plaaslike verkiesing deelgeneem het.

Ruben is tans saam met die DA en die VF+ in beheer van hierdie streek met die ANC en die EFF in die opposisie banke. Dit was duidelik uit die gesprek dat koalisiëpolitiek deel van Suid-Afrika se toekomstige landskap gaan wees. Die eintlike vraag is tot watter mate die ANC se stem gaan daal – gaan die ANC iewers tussen 45% en 50% van die stemme kry of gaan die ANC nader aan 40% kry. Tans is die kans baie skraal dat die ANC bo 50% gaan eindig en die vraag moet gevra word wat die opsies is as die ANC wel onder 50% eindig in 'n verkiesing waar geen party 'n volstreekte meerderheid van die stemme gaan trek nie.

My opinie is dat 'n ANC wat tussen 45% en 50% kry, met informele ooreenkomste op 'n "ad hoc" basis saam met van die kleiner partye sal kan regeer.

Hier praat ek onder andere van partye soos die IFP, Cope en Good. Indien die ANC nader aan 40% daal, raak die ANC se koalisievennoot baie meer invloedryk, en dit is hier waar die EFF skielik in die prentjie kan kom. Die kans bestaan dan ook dat van die ander partye, wat die DA en moontlik sterker onafhanklike partye insluit, kan poog om 'n regering te vorm indien die ANC ongeveer 40% van die stemme kry.

Wat die ekonomiese vooruitsigte betref, het die klem geval op hoër rentekoerse as ons voorland en dat die Suid-Afrikaanse ekonomie, hoewel in 'n beter posisie as die afgelope Covid-jare, steeds sukkel om werklike groei te bewerkstellig. Die advies aan landbouers is om te fokus om hul eie besighede en hul insetkoste baie sorgvuldig te bestuur en nie moet aanneem dat die hoër kommoditeitspryse 'n gegewe is vir die volgende 12 tot 24 maande nie.

In die familieboerdery-gesprek was die fokus op die belangrikheid van die familiehandves vir suksesvolle oor-generasie-welvaart. Kallie Schoeman het by my aangesluit om juis oor die Schoeman-familiehandves en die belangrikheid daarvan te gesels.

Die familiehandves is nie bedoel om 'n regs-dokument te wees nie, eerder 'n dokument wat sorg dat die familie saamstem oor kritiese aspekte van hoe die familieboerderybesigheid suksesvol en volhoubaar in die toekoms bestuur moet word.



Deur Theo Vorster
Galileo Capital
www.galileocapital.co.za

LANDBOUSKOU IN MAURITIUS
SONSAFARI



Van die elemente wat in detail in die handves aangespreek moet word, sluit onder andere die volgende in:

1. Wat is die visie van die familieboerderybesigheid – waarheen is die boerdery op pad en wat wil die boerdery bereik?
2. Wat is die sakebeginsels waarvolgens die besigheid bestuur word en hoe word hierdie beginsels binne die besigheid uitgeleef?
3. Hoe word konflik tussen familieledede binne die besigheid bestuur?
4. Hoe werk die opvolgbeplanning in die familiebesigheid – hoe en wie besluit wie die besigheid eendag gaan bestuur en presies hoe word daardie verantwoordelikhede oorgedra?
5. Hoe word die afskaalplan van die uittredende familieledede bestuur en wat is hulle rol as die verantwoordelikhede oorgedaan het na die nuwe generasie?

Onthou "Oupa se testament is in sy boonste laai" is nie waaroor opvolgbeplanning gaan nie, dit is 'n proses wat deurlopend bespreek en met omsigtigheid aangepak moet word.

Van die ander punte oor familiebesighede waarby ons stilgestaan het, was die hele beginsel van "gelykheid" en "regverdigheid". Die meeste boerderybesighede in die Wes-Kaap wat hier na die 8ste of 9de geslag steeds in die familie is, word bestuur op die basis dat die plaas nooit verdeel word nie, maar dat (gewoonlik) die oudste seun alles kry. Hiervolgens word die bate nooit verdeel of opgebreek nie, en behou die plaas die waarde. Die ander kinders se voordeel uit die plaas is gewoonlik dat die plaas vir hul opleiding en studies betaal, maar daarna moet elkeen vir hul eie toekoms sorg. Die ander kant is dat die kind wat die plaas of familiebesigheid kry, eintlik net 'n werk gekry het, met die implisiete voorwaarde dat daardie kind nooit die plaas mag verkoop nie en op sy/haar beurt weer die plaas aan sy/haar oudste bemaak.

Indien die doel is dat elke kind 'n gelyke deel kry (bates word tussen die kinders gelykop verdeel), is die uitdaging dat die voordele van skaal verlore gaan en daar bewys moet word dat die besigheid steeds volhoubaar sal bly na die verdeling. Daar is dan ook modelle tussen die "een kind kry alles" en "gelyke verdeling van bates" en baie suksesvolle familiebesighede word binne hierdie model suksesvol tussen generasies oorgedra.

Aansluitend tot die familieboerdery-gesprek, het ons ook stilgestaan by diversifikasie as dit kom by jou beleggings buite die boerdery.

Die volgende is as vertrekpunte bespreek:

1. Diversifikasie is 'n rasionele en suiwer beleggingsbesluit – dit het niks met emosie te doen nie en moet uit die risiko teenoor opbrengs benader word.
2. Geen buitelandse belegging gaan vir jou die opbrengste gee wat jy uit jou boerdery verdien nie – die doel van buitelandse diversifikasie is om 'n neseier vir jouself en jou nageslag te skep wat totaal buite Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse risiko's is.

Ons het gesels oor die opsies tans beskikbaar (R1 miljoen per jaar as deel van jou reistoelaag en R10 miljoen met toestemming van SARS) maar het ook van die oranje ligte uitgelig. Primêr gaan die oranje ligte oor die lande waarin jy belê en wat die implikasie van die lande op jou boedelbelasting eendag kan wees en of die howe in daardie lande jou Suid-Afrikaanse testament en opdragte van jou Suid-Afrikaanse eksekuteur gaan aanvaar.

Die slotsom was dat jy jouself moet sien as 'n wêreldbürger as dit kom by die belê van jou surpluskapitaal – vir die res, brei jou boerderybesigheid uit en boer voluit!

Carbohydrates in macadamias



Have you ever walked through your macadamia orchard and noticed that trees in one block had more nuts than those in the block next to it, or, on a smaller scale, that some trees within one block were “dripping” with nuts while neighbouring trees had no nuts to show?

This occurrence could be caused by a number of different factors such as the soil type, soil nutrient status of the soil, tree health, pruning practices followed, fertiliser applications, moisture content etc. There is however one similarity amongst all these factors which is the fact that they all impact the carbohydrate levels of the trees.

What are carbohydrates?

Carbohydrates are the product of photosynthesis, the process where the leaves of trees produce soluble sugar in the form of sucrose (sugars) and starch. Within the context of carbohydrates, leaves are referred to as a carbohydrate source.

Carbohydrates perform numerous roles in trees. They are necessary for the growth of tree organs such as roots and vegetative shoots and support the development of reproductive flowers or nuts, amongst others. A shortage of carbohydrates could result in poor flowering and fruit set and a lack of root and vegetative shoot growth. In short, carbohydrates are essential for plant growth and production throughout the season.

Carbohydrate sugars are readily available, provide immediate energy to plants and can be transported over long distances in the phloem. Carbohydrates in the form of starch are stored in the tree as reserve energy. Sugar carbohydrates can be made available from these stored carbohydrate reserves when sugars are limited.

Measure and monitor carbohydrate levels

It is therefore important to know the carbohydrate status of your trees for the effective management of carbohydrates and production.

Agri Technovation now offers the ITEST™CARBOHYDRATES analysis as a service, making it possible for producers to measure and know the carbohydrate status of their trees, which in turn assists producers with the timely development of management practices aimed at ensuring optimal plant growth and annual produce. Agri Technovation has now established carbohydrate norms in specific phenological phases for macadamias. We believe that our carbohydrate analysis gives the producer a glimpse into the near future of his/her macadamia orchards.



By Riaan Brümmer
Senior Agronomist



Nutrients and carbohydrates

When it comes to nutrients, producers generally know and understand the basic role NPK fertilisers fulfil in plants. The specific impact of these fertilisers, however, on carbohydrates, in particular, is not always understood. Not only do these fertilisers have a very specific impact on the particular carbohydrates, but also on the rather complex carbohydrates production and transport process.

From our experience, leaf and root samples are the best indicators for the ITEST™CARBOHYDRATES analysis as they are regarded as



Macadamia leaf mineral analyses.


The analysis results indicate that the level of the nutrient magnesium (Mg) is below the minimum optimum norm.

To understand the impact of this, the role of Mg in a macadamia tree must also be understood. A primary function of Mg is that it is the central atom of the ring structure in

the plant structures most important for producing and storing carbohydrates.

Comparison of the annual mineral leaf samples with ITEST™CARBOHYDRATES analysis results, is an excellent way to determine a limiting factor namely prohibiting the production or transport of carbohydrates.

In the scenario referred to below (April 2022), a mineral leaf sample was taken in a fully producing macadamia orchard and a carbohydrate sample was taken on that exact GPS point.




Macadamia CHO leaf sample.

the chlorophyll molecule, and therefore very important for optimum photosynthesis and the production of sugars (energy). Magnesium and potassium (K) are also responsible for transporting sugars into the phloem from the mesophyll cells, where they will be utilised by one of the many carbohydrate sinks of a macadamia tree.

>>

Carbohydrates in macadamias from previous page



Schematic drawing of a chlorophyll molecule.

Macadamia crops are prolific flowering tree crops, where thousands of racemes emerge from buds in spring (mostly). Each raceme can hold up to 800 flowers and only $\pm 0.0004\%$ set as harvestable nuts (*The Macadamia* magazine). To support these high-energy activities effectively, the trees require very high levels of carbohydrates to provide sufficient energy to the trees.

Also, macadamia nuts have a very high oil content, up to 69 to 78%, and therefore require sufficient energy (carbohydrate sink) to support the process of filling these nuts with top-quality oil. (Amaral *et al.*, 2003; Kaijser *et al.*, 2000; Miraliakbari and Shahidi, 2008a, 2008b; Robbins *et al.*, 2011; Wall, 2010.)



Macadamia leaf indicating a common magnesium deficiency symptom. Photo: Barry Schoomby.

Manage your carbohydrates effectively

Thus, it is important to measure and replenish where necessary the carbohydrates with optimum nutrition and manipulation during the flower initiation phase, as this will ultimately determine whether a bud is vegetative or reproductive.

At Agri Technovation we recommend a comprehensive fertiliser programme to manage carbohydrate levels effectively, combining a soil-applied fertiliser with a post-harvest energy foliar spray which consists of the products NUTS-TO-GROW™, TRY ME™, ZINC PHLOEM™ and any other nutrient deficiency indicated by the above analyses.

Product registration numbers: NUTS-TO-GROW™ - K9551; TRY ME™ - K9552; ZINC PHLOEM™ - B5734

The bigger picture


At Agri Technovation we are focussed on ensuring that the producer has the necessary tools and information required to make informed decisions with in-season monitoring of carbohydrates and mineral levels. Together with the vast number of other services we offer, all supported by our cloud-based platform MY-FARMWEB™, we are able to provide effective nutritional advice tailored to every producer's particular needs.

Ultimately, it is of critical importance to manage your macadamia trees' carbohydrate levels, as this is the only produce manufactured by a plant through its phenological cycle that is able to support the demand of the crop (provide sufficient energy).



Macadamia trees in full bloom. Photo: Riaan Bummer.

Phenological Cycle



Australia Macadamia Society (AMS) Mac Alert article 2022.

Sukses met uitvoervrugte: wanneer elke dag tel

Puik gehalte sitrus- en sagtevrugte saam met goeie tydsberekening is die wenkombinasie wat die uitvoermark se dollars, euro's en ponde laat in rol.

Die sitrusbedryf verwag 'n rekord oes nadat Suid-Afrika in 2020 'n rekord van meer as 140 miljoen kartonhouers sitrusvrugte na meer as 100 lande uitgevoer het. Dit is 'n toename van 13% en het meer as R20 miljard opgelewer asook 120 000 werkseleenthede geskep, luidens 'n verklaring van Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA).

Na moeilike seisoene vir sagtevrugte boere, hoofsaaklik weens droogte, lyk die oes vooruitsigte nou ook aansienlik beter na die onlangse goeie reën. Vars vrugte word wyd aanbeveel vir beter gesondheid en as natuurlike teenvoeter vir verkoue, griep en selfs COVID-19. Daar word verwag dat die vraag na topgehalte vrugte wêreldwyd sal toeneem.

Europa het 500 miljoen verbruikers en is verantwoordelik vir 44 persent van die wêreldwye handelswaarde van vars vrugte en groente. Die behoefte en beskikbaarheid van nuwe eksotiese produkte wat heel jaar beskikbaar is, verseker dié vasteland se voortgesette afhanklikheid van eksterne verskaffers aan 'n stabiele mark.

Internasionale handelaars in Nederland en België wat spesialiseer in heruitvoer, is kundiges om die regte eindverbruiker vir die regte hoë kwaliteit produkte te vind. Wanneer die vraag na spesifieke produkte verander, verander hierdie handelaars dienoreenkomstig. Hulle kan produsente help om hul produkte meer doeltreffend en winsgewend na verskillende Europese markte te versprei.

Vrugte uitvoerders vind die beste bemarkingsgeleenthede en verskaf produkte dwarsdeur die jaar aan kliënte.



Die kompetisie is fel vir goeie kwaliteit produkte, en die streng uitvoervereistes plaas druk op uitvoerders om hul tydsberekening vir die mark optimaal te hou.

Wanneer daar 'n verskaffingsgaping vir spesifieke produkte beskikbaar word, is elke dag krities belangrik vir die produsent. Dit is wanneer die boer en sy internasionale markagent se tydsberekening perfek moet wees om die vraag na topgehalte vrugte optimaal te benut. Dit verg gewoonlik die regte kennis, goeie beplanning en die beste moontlike gehalte en aanpasbaarheid in die boord.

Die nakoming van onthoudingsperiodes moet noukeurig nagekom word. 'n Beproefde en vertroude produk soos Exirel® 100 SE van FMC is daarom baie waardevol vir vrugteboere.

Om te voldoen aan die streng vereistes vir die gebruik van landbouchemikalieë, moet die regte produkte op die regte manier en op die regte tyd gebruik word.

FMC | An Agricultural Sciences Company



